Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

# **Parashah 48:** *Shoftim* (שפטים**)** Regters; *Judges*

*Jy moet regters en amptenare aanstel in al jou dorpe wat* יהוה *jou God, jou gee volgens jou stamme en hulle moet die volk oordeel volgens 'n regverdige oordeel.* Deut. 16:18 – PWL[1]

**Torah** : **Deut. 16:18 tot 21:9**

- **Gehoorsaam of Wetties?**
- **Deut. 16:18 tot 20** – YHVH se Regeringstruktuur.
- **Deut. 18:15 tot 22 –** Ware en Vals Profete

**Haftorah: Jes. 51:12 tot 52:12 –** Die Goeie Nuus Van Die Evangelie.

**Hernieude Verbond:**

- **Matt. 18:15 tot 20; Joh. 8:17; 1 Kor. 6:1 tot 8; 2 Kor. 13:1; Heb. 10:28 tot 31 –** In die mond van twee of drie getuies.
- **Matt. 5:38 tot 42** – Vergifnis en vergelding.
- **1 Kor. 5:9 tot 13** – Torah-ongehoorsame gemeentelede.
- **Hand. 14:23; Titus 1:5; Ef. 2:22; 4:11** – Leierskap in die gemeente.
- **Hand. 7:35 tot 53; Hand. 3:13 tot 26** – Die eerste en die tweede Moses.

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch: of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

- **1 Tim. 5:17 tot 22; 1 Kor. 9:6 to 14; Gal. 6:6** – Ondersteuning aan die evangelie bedieninge.

*God's Torah is a thing of beauty, because it's an expression of who He is* – Izzy Avram

*Torah illuminates pathways to increasing one's capacity to face challenges in life!*

*Experience is not what happens to a man; it is what a man does with what happens to him* – Aldous Huxley

*There are two types of pain – meaningful pain and meaningless pain. If one takes a beating, it is painful; if one takes a beating to protect his child or instead of his child being hit, it is less painful. Why? Making a choice to receive the pain rather than have your child receive the pain gives meaning to the suffering.* Rabbi Kalman Packouz

## Midrash (Torah Bespreking)

### Gehoorsaam of Wetties?

Wanneer ons die Torah, die eerste vyf boeke, en die Skrifte in geheel bestudeer, moet ons altyd die volgende in gedagte hou, naamlik:

Yeshua Messias is die fokus van Torahstudie en nie die wette (gebooie; *mitzvot* – 613) nie. Ons moet Yeshua se woorde onthou toe Hy gesê het:

*Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe*. Joh. 5:46

Ons kan soveel klem op gehoorsaamheid aan die *mitzvot* lê dat ons Yeshua van Torah mis. Te veel klem op pogings tot gehoorsaamheid kan ons vreugde van vrygespreek in Yeshua ontneem. Ons kan, soos die Fariseërs, die wet vereer in plaas daarvan om Yeshua Messias te vereer. Dan verdwyn ons vreugde in die genade van sondevergifnis in Yeshua en word dit met wetsverering vervang (wettiesheid; *legalism*). Die wettiese mens kán onmoontlik YHWH behaag, want hy doen dit deur die *sigbare werke* en nie deur die *onsigbare geloof* nie! Ten opsigte van Torah moet ons ook onderskeid maak tussen die werke van die wet en die inhoud van die wet, naamlik die vaste beginsels van die wet wat onveranderbaar is! Ons werke moet altyd volgens die beginsel en die gees van YHVH se Torah wees. Gehoorsaamheid aan Torah moet altyd weens liefde vir YHVH wees en moet altyd 'n vreugde wees. Genade van vergifnis van oortreding van Torah (die wet) moet altyd ons vreugde van Torah-gehoorsaamheid wees.

Tweedens moet ons die verskil verstaan tussen die Hebreeuse en die Griekse denke (*mind set*), en dat ons 'n oorwegende Grieksdenkende benadering en beskouing het. Christendenke fokus hoofsaaklik op wat geglo en hoekom geglo word, terwyl Hebreeuse denke fokus hoofsaaklik op wat gedoen moet word op grond van wat geglo word. Daarom is geloof volgens Hebreeuse denke aksiegerig, terwyl Griekse denke van geloof abstrak en filosofies gerig is. Hebreeuse denke is konkreet en kyk na die einddoel van geloof. Christendenke kyk na die hoekom, die waarom en die wat van geloof. Die gevolg van hierdie verskille kan soos volg opgesom word:

| | Fokuspunt | |
|---|---|---|
| | Saligheid (*1) (Geloof) | Verlossing (*2) (Gehoorsaamheid) |
| Christendenke | ±80% | ±20% |
| Hebreeuse denke | ±20% | ±80% |

*1 **Saligheid** (*Salvation*, redding, saligmaking, heil, sieleheil) is wedergeboorte en word verkry deur geloof in Yeshua as Messias. Luk. 1:69 en 77; Joh. 4:22; Hand. 4:12.

*2 **Verlossing; Losgekoop** (*Redemption*, bevryding, losprys) word verkry deur gehoorsaamheid (Luk. 21:28; Rom. 8:23; 1 Kor.1:30; Gal. 3:13; 1 Pet. 1:18). Gehoorsaamheid aan Torah is bevryding van ‘n ydele (vleeslike, verslawende, sielsverwonde) lewensbestaan en die vernuwing van die gemoed.

Eers geloof tot saligheid (redding) en dan verlossing (bevryding) deur gehoorsaamheid! Dit is YHVH se geregtigheid!

[Saligheid (*Salvation*) in Hebreeus is *yeshû'âh* ישועה (Ex. 14:13; Ex. 15:2, ens).]

Laastens moet ons onthou dat ‘n ware Torah-ervaring is om:

- ❖ Te leer hoe ons Torah prakties in ons geloofslewe kan toepas om sodoende tot geestelike volwassenheid te groei.

- ❖ Te leer uit Israel se foute en nie ook dieselfde foute te begaan nie (Jes. 46:9 en 10; 1 Kor. 10:1 tot 13). Dit is om dit wat ons leer toe te pas.

- ❖ Die patroon (siklusse) wat YHVH in Torah gevestig het te ontdek en te verstaan hoe dit deur die eeue herhaal is en weer herhaal sal word. Voorbeeld: Die Pesaglam in Egipte en Yeshua die Pesaglam van YHVH. Die einde sal deur die begin bekend gemaak word (Jes. 46:9 en 10).

In hierdie week se parashah sien ons ondermeer YHVH se bloudruk (patroon) vir ‘n regeringstruktuur wat ook sal geld in die Millennium (Messias Ryk), asook die bloudruk vir die hantering van verskillende interaksies en konflikte in die samelewing.

**Bepeins of Bespreek**

1. Is dit moontlik vir Mark. 11:23 en 24 om waar te wees indien ek moedswillig ongehoorsaam aan Torah is? Moet Joh. 15:7 nie saam met Mark. 11:23 en 24 gelees word nie? Is geloof sonder gehoorsaamheid nie nuttelose geloof nie (Jak. 2:14 tot 26)?

2. Indien jy nie genoeg geloof tot gehoorsaamheid het nie, het jy nie genoeg geloof tot redding en verlossing nie! Kan geloof en gehoorsaamheid los van mekaar staan?

3. *A huge error of Torah obedience is when we exalt our sacrifices of obedience over love and compassion*. Verwys Matt. 22:34 tot 40.

**Deut. 16:18 tot 20 – YHVH se Regeringstruktuur.**

*Regters en opsigters moet jy vir jou aanstel in al jou poorte wat YHVH jou God jou sal gee volgens jou stamme; en hulle moet die volk oordeel volgens 'n regverdige regspraak* (Deut. 16:18)

Vir 40 jaar het die volk as 'n eenheid saam geleef, maar in die land Kanaän sou hulle as stamme elkeen op sy eie grondgebeid gaan woon. Daarom was dit noodsaaklik dat YHVH nou 'n regeringstruktuur in plek moet stel sodat oor elke stam en idividu afsonderlik volgens Torah-beginsels regverdig geregeer kon word. Deur YHVH se regeringstruktuur sou Israel steeds as eenheid volgens Torah funksioneer. Hulle sou een in Torah wees, hoewel nie eenders nie. Die tabernakel, en uiteindelik die tempel, sou steeds die middelpunt van Israel se geloofslewe, sowel as hul gemeenskapslewe wees.

In hierdie parashah, *Shoftim,* verduidelik Moses die breë beginsels van die oppergesag (die gesagstruktuur) wat Israel moet regeer. Hierdie gesagstruktuur moet uit regters (*shoftim*) en opsigters (amptenare; *shotrim*) in die poorte (stede) van elke stam bestaan. Die regters is diegene wat Torah moet ken om dit korrek te kan interpreteer (verklaar; "reg sny" – 2 Tim. 2:15) en onpartydige uitspraak te kan lewer, terwyl die opsigters (amptenare) moet toesien dat die beslissings (uitsprake) van die regters uitgevoer word.

- *Shafat,* wat die enkelvoud vir *shoftim* is, beteken *om uitspraak te lewer, te beslis, te vonnis, te oordeel, te reguleer, orde te skep en te handhaaf, harmonie, geregtigheid en kampvegter vir regte.* Hierdie betekenis verwys dus na die stelsel van hoe om te regeer in siviele-, godsdienstige en huishoudelike sake. Die regters is aangestel en aan hulle is toevertrou om volgens Torah te regeer. Hulle moes geregtigheid (*tzedek*) najaag (Deut. 16:20). Hulle moes in 'n saak oordeel (beslis) en uitspraak lewer op grond van Torah en op grond van 2 of 3 getuies (Deut. 17:6 en 7; 19:15). [Hierdie beginsel geld steeds onder die hernieude verbond. Voorbeeld: Matt. 18:16]. Die beginsel van goeie regering is die erkenning dat YHVH die hoogste en finale gesag is (Jak. 4:12 – Daar is een wetgewer) en om te onthou dat die Woord (Torah) elkeen (regters, opsigters en inwoners) gaan oordeel (Joh. 12:47 en 48).

- *Shotrim* (enkelvoud *shotar*; opsigters) is die amptenare wat uitvoering gee aan die beslisings en uitsprake van die regters. Hulle was dus die Torah-toepassers (wettoepassers – die "polisie", magistrate en landroste).

YHVH se regeringstruktuur bestaan dus uit gekose leiers wat die volk moet dien deur toe te sien dat geregtigheid geskied en orde gehandhaaf word volgens die standaarde en riglyne soos in Torah uiteengesit word.

Verwys Jes. 1:26 – met die wederkoms van Messias sal die opsigters met raadgewers (*ya'ats*) vervang word. Hierdie raadgewers sal die beslissings en uitsprake van die regters aan die volk verduidelik en hoekom dit tot hulle voordeel strek. Onthou: Die wat Torah-gehoorsaam lewe het nie opsigters (polisie) nodig nie, maar net regters en raadgewers.

Torah voorsien dus die riglyne van hoe regeringstrukture moet lyk, asook hoe dit moet funksioneer, om 'n ordelike, regverdige, veilige, voorspoedige en gelukkige samelewing te verseker. Vergelyk demokrasie (die wil van mense) versus teokrasie (die wil van YHVH). Onthou: Demokrasie het Barabbas vrygelaat en Yeshua gekruisig.

YHVH se regering is ‘n teokrasie, waarvan die grondwet Torah is. Dit is ‘n teokrasie (Torah-krasie) waar elkeen (elke individu) volgens Torah moet regeer in sy eie lewe en in sy huishouding en waarvolgens die samelewing regeer moet (sal) word. ‘n Torah-krasie (teokrasie) is deur YHVH aan Israel (die land) gegee en nie aan die res van die wêreld nie. Hierdie teokrasie met Torah as grondwet sal in die Millennium funksioneer. Intussen leef Torah-gehoorsame gelowiges in Yeshua soos in ballingskap, want ons moet ons ook onderwerp aan die regering van die land waar ons woon en hierdie regeringstrukture is nie geskoei op ‘n teokrasie nie!

Deut. 16:18 kan ook gelees word as: *Regters en opsigters moet jy **oor jouself** aanstel*. Dit beteken: Voor jy ‘n ander oordeel moet jy eers jouself oordeel – *First correct yourself and only then correct others*. In die verband moet ons die woorde van Yeshua onthou:

*“Moenie oordeel nie sodat julle nie geoordeel word nie, want volgens die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word en met die maat waarmee julle meet, sal dit vir julle uitgemeet word. Waarom sien jy die splinter in jou broer se oog, maar die plank in jou eie oog merk jy nie op nie? Hoe kan jy vir jou broer sê: ‘Laat my die splinter uit jou oog uithaal en let op, daar is ’n plank in jou eie oog? Toneelspeler van ’n valse karakter, haal eers die plank uit jou eie oog uit, dan sal jy kan sien om ’n splinter uit jou broeder se oog uit te haal!*
Matt. 7:1 tot 5 – PWL. .

Dan moet ons ook onsself daaraan herinner dat die Woord van YHVH (Torah) en die Afgesonderde (Heilige) Gees as getuies in ons lewens optree, asook in enige saak wat beslis word en waarby ons betrokke is. Die Torah (Yeshua Messias) en die Afgesonderde Gees sal eenstemmig met YHVH getuig en volgens 2 of 3 getuies sal ons skuldig of onskuldig bevind word!!

Die geheelprentjie van die gesag- en regringstruktuur van Israel, volgens ons Torahstudie tot op hede, bestaan dus uit die volgende: ‘n Koning, regters, opsigters, priesters en profete. Hierdie is YHVH se bloudruk van wat was en van wat sal wees. Die vraag is dus hoe hierdie strukture onder die hernieude verbond funksioneer?

**Koning.** Volgens Deut. 17:15 tot 20 mag Israel ‘n koning aanstel wat YHVH sal verkies. Die voorwaardes en vereistes waaraan die koning moet voldoen word ook beskryf, naamlik:

- Moet deur YHVH gekies word, nie deur mense nie.
- Moet ‘n Israeliet wees, nie ‘n vreemdeling nie.
- Mag nie terugkeer na Egipte nie.
- Mag nie baie perde aanskaf nie.
- Mag nie vir hom rykdom versamel nie.
- Mag nie baie vroue aanskaf nie.
- Hy moet ‘n afskrif van die Torah vir homself skryf.

- ❖ Moet die Torah bestudeer en moet daarvolgens regeer, terwyl hy self Torah gehoorsaam moet wees.

- ❖ Moet nederig wees.

Torah onderskryf egter nie ‘n monargie nie, want YHVH Yeshua is die ewige koning. Daarom moet die koning wat deur mense volgens YHVH se vereistes gekies (aangestel) word eerder as die ‘Hoof Uitvoerende Beampte’ van Israel se regeringstruktuur gesien word. Verwys 1 Sam. 9:15 tot 17; 1 Sam. 10:24; 1 Sam 16:1; 1 Kon. 19:16 in die verband. Die profeet hou egter “toesig” oor die koning (Voorbeeld: Dawid en Natan – 2 Sam. 11 en 12).

Die koning is wel ook die opperbevelvoerder (*commander in chief*) van die Israeli weermag, maar in ‘n oorlogsituasie het ‘n opsigter (amptenaar) en ‘n priester inspraak oor die troepe (Deuteronomium 20 – oorlogswette).

**Regters (*shoftim*) en opsigters (*shotrim*)** (Deut. 16:18 tot 21). Soos genoem is *shoftim* (regters) aangestel en is aan hulle toevertrou om volgens Torah in hulle poorte (stede) te regeer, terwyl die *Shotrim* die amptenare is wat uitvoering gee aan die beslisings en uitsprake van die regters. Beide regters en opsigters het hulle taakomskrywing volgens Torah uitgevoer en was gemeenskapleiers. Onthou: Daar word dikwels na Israel verwys as die gemeente of vergadering (*qahal*) van YHVH en so ook na die gemeente van Handelinge (die *ekklesia*). In die hernieude verbond word daar dikwels na die ouderlinge en diakens verwys.

- ❖ Verwys 1 Tim. 3:1 tot 13: *Shoftim* (regters) en die Grieks *episkopus* (opsiener – 1 Tim. 3:1 en 2) en *presbuteros* (ouderling – 1 Tim. 5:19) het dieselfde betekenis van regeer volgens Torah en van leier van ‘n gemeente. Hulle is die regters en deel van die Sanhedrin.

- ❖ *Shotrim* (opsigters) en die Grieks *diakonos* (diaken, 1 Tim. 3:8) het dieselfde betekenis van toepassers van die uitspraak en beslisings van die regters.

**Priester (Leviet).** (Deut. 18:1 tot 8). Die Leviete (priesters) is nie gekies nie, maar was volgens geboorte uit die stam van Levi aangestel. Die hoëpriester (Aäron) was ook volgens geboorte. In vorige parashot het ons geleer dat die Leviete aan YHVH behoort het en dienswerk in die tabernakel verrig het, asook enige dienswerk wat daarmee verband gehou het (Num. 1:50 tot 53; Num. 3:12). Die priesters was ook verantwoordelik om onderrig in Torah te gee (Num. 10:10 en 11; Deut. 24:8).

Onder die hernieude verbond is die Levietiese priesterorde met die priesterorde volgens Melgisédek vervang en is Yeshua die Ewige Hoëpriester. Ons word priesters (‘n koninklike priesterdom – 1 Pet. 2:9) deur wedergeboorte. Yeshua is ook as Eersgeborene die Ewige Hoëpriester (Kol. 1:15 en 18). As priesters moet ons die evangelie verkondig (dieselfde evangelie wat aan Israel van ouds verkondig is – Heb. 4:2) en die bekeerlinge leer om alles te onderhou wat Yeshua ons beveel het, naamlik Torah (Matt. 28:19). Elkeen moet na die priester gaan vir geestelike leiding en raad (onderrig) en nie na enige iemand anders of deur van ander “hulpmiddels” gebruik te maak nie!

*Wanneer jy kom in die land wat יהוה, jou God, jou gee, moet jy nie leer om die verwerplikhede van daardie nasies na te doen nie. Daar mag niemand onder julle gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat gaan nie, wat waarsêery, toordery,*

*verklaring van voortekens of towery beoefen nie, of wat vloeke en bindings toepas, of wat geeste oproep of 'n towenaar, of een wat die dooies raadpleeg nie, want elkeen wat hierdie dinge doen, is verwerplik vir* יהוה *en as gevolg van hierdie verwerplikhede onteien* יהוה*, jou God, hulle voor jou uit.* Deut. 18:9 tot 12 – PWL.

**Profeet** (Deut. 18:15 tot 22). 'n Profeet word deur YHVH vir hierdie taak geroep en is nie 'n 'aanstelling' deur mense nie! Die Hebreeuse woord wat meestal vir profeet gebruik word is *nabi* en is afkomstig van die grondwoord *na'aba* wat *borrelend soos 'n fontein* beteken. Uit die mond van 'n ware profeet sal die woorde van YHVH borrel, want die tong het geword soos die pen van 'n gewillige skrywer. Dit is juis die woorde van YHVH (die Torah-Woord) wat die profeet ongewild maak. Daarom is die uitstaande kenmerk van die ware profeet dat hy deur die leierskap en volk gehaat word, want hy bring YHVH se woorde van waarskuwing en tugtiging vanweë hulle Torah–ongehoorsaamheid. Dit is die profeet wat die volk waarsku oor hulle afvalligheid en die verwaarlosing van die weduwees, die wese en die armes, asook hulle ontheiliging van die Shabbat en die Bestemde Tye van YHVH.

**Opsommend:** Volgens die Torah-regeringstelsel word mag en gesag verdeel tussen elke faset (owerheid) in die struktuur en elk verantwoord direk aan YHVH (Torah). Die koning hou "toesig" oor die regters en die profete. Die profeet hou "toesig" oor die koning (Voorbeeld: Dawid en Natan – 2 Sam. 11 en 12). YHVH hou "toesig" oor die profeet.

Yeshua Messias is Regter, Opsigter (Herder en Opsiener – 1 Pet. 2:25), Koning, Priester en Profeet. Dit is hoe Hy in elkeen se lewe moet regeer. Dit is hoe Yeshua in die Millennium en ook daarna sal regeer – dit is hoe YHVH self sal regeer.

Waar is die plek vanwaar regeer moet (sal) word? Dit is die plek wat YHVH sal aanwys – die tempel in Jerusalem (Deut. 17:8, asook Deut. 12:5) wat die fokuspunt van aanbidding en regering sal wees. Vir enige saak wat nie deur die regters in hulle stede oor beslis kan word nie, moes daar opgegaan word na die plek wat YHVH sal aanwys waar die Levietiese priesters oor die saak sal beslis (Lev. 17:8 tot 11). Die plek wat YHVH sal aanwys is natuurlik Jerusalem en die Tempel – die setel van die 'sentrale regering' (wat later die sanhedrin genoem word).

Daar sal in die Millennium weer regters en opsigters (raadgewers) uit elke stam aangestel word – deur Yeshua self. Hoekom het Moses nie die presiese plek aangedui nie. Elkeen moet self die plek ontdek waar YHVH Sy Naam wil vestig om daar te woon. Elkeen moet self sien (*re'eh*) soos Abraham en Jakob ge *re'eh* het. YHVH wil Sy Naam eerstens in jou hart vestig om daar te woon en te regeer.

**Bepeins of Bespreek**

1. YHVH het Yeshua as ewige Koning aangewys en ons as mense 'kies' om aan Hom onderdanig te wees. Voldoen Yeshua aan die voorwaardes en vereistes van Deut. 17:15 tot 20?

2. In die lig van YHVH se gesagstruktuur vir Sy volk, is die vraag of die kerk se gesagstruktuur (leierstruktuur) van herders, ouderlinge en diakens Skriftuurlik geregverdig kan word? Yeshua is die Goeie Herder (Jer. 17:16; Eseg. 34:12; Heb. 13:20; 1 Pet. 2:25), maar is die dominee, leraar of pastoor die herder? Is dit nie die ouderlinge

wat die leierskap van die gemeentes was nie? Kan ons sê dat ‘n hedendaagse gemeente ‘n sinnebeeld van ‘n teokrasie is of is dit eerder ‘n sinnebeeld van ‘n outokrasie?

3. Is die vyfvoud bediening (ampte) van apostels, profete, herders, leraars en evangeliste (Efes. 4:11) deel van YHVH se regeringstruktuur? Het enige van hierdie ampte ‘n hoër status as die ander of is al vyf gelyk? Is hierdie vyf bedieninge nie noodsaaklik vir die liggaam van Yeshua (die gemeente) om geestelik gesond te wees en tot geestelike volwassenheid te groei nie? Is die grootlikse afwesigheid van die vyfvoud bediening, asook van die gawes van die Afgesonderde Gees nie ‘n tekortkoming van die Messiaanse Ontwaking nie?

4. Deut. 20:1 tot 20 leer ons ook dat ons nie bang kan wees vir die toekoms (ons daaglikse stryd) nie, want dit is ‘n herinnering dat YHVH met ons sal wees. Onthou: Jyself is dikwels jou grootste vyand. *Teshuvah* (terugkeer met berou) is ook om jou vyand van aangesig tot aangesig te ontmoet en om die vyand in jou (sonde, vrees, verslawing, ens.) te oorwin.

5. Vergelyk die hedendaagse profete met die van ouds. Verkondig hedendaagse profete die woorde van Torah en vermaan hulle die gelowiges om *teshuvah* te doen en terug te keer na Torah-gehoorsaamheid of het hulle hoofsaaklik voorspellers van die toekoms geword.

## Deut. 18:15 tot 22 – Ware en Vals Profete

*‘n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel. En die man wat nie luister na my woorde wat Hy in my Naam spreek nie, van hom sal Ek self rekenskap afeis.*
Deut. 18:18 en 19

### Yeshua Die Ware Profeet

‘n Profeet soos Moses wat uit Israel verwek sal word, verwys na Yeshua die Messias. Soos Israel die onderrig en instruksies van YHVH deur Moses moes hoor (*sh’ma*), bewaar (*sh’mar*) en dit doen (*asah*), so sal elke mens moet luister en doen volgens die woorde wat Yeshua in die Naam van YHVH sal spreek. YHVH se woorde aan Israel, en aan elke mens daarna, het nie verander nie. Dit is steeds dieselfde onderrig en instruksies in geregtigheid, maar nou bevestig deur Yeshua wat die vleesgeworde Woord (Torah) van YHVH is.

Paulus skryf in sy brief aan die Romeine: *Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet* (Rom. 3:31). Hoe bevestig ons geloof die wet? Deur ons geloof in Yeshua bevestig ons dat ons skuldig staan aan oortreding van die wet, en bevestig ons dat Yeshua die Eenmalige offer vir ons sondeskuld is. Op grond van ons geloof in Yeshua as die sondoffer is ons vrygespreek van die aanklag van oortreding van YHVH se wet, want die skuldbrief is aan die kruis vasgenael (kol. 2:14). Ons is vrygespreek, maar moet nou as vrygespreektes (geregverdigdes) volgens YHVH se onderrig en instruksies leef. Hiervoor maak die hernieude verbond voorsiening, want YHVH se wet is in ons verstand gegee en op die tafels van ons harte geskryf (Heb. 8:8 tot 12). Ons is vry van die wet van sonde en dood (van oordeel), want die wet van die Gees van die lewe in Yeshua Die Gesalfde Een het ons vrygemaak (Rom. 8:2). Indien ons deur die Afgesonderde Gees gelei word, sal ons nie meer as veroordeeldes onder die wet staan nie (Gal. 5:18). Nee, dan sal ons vrygespreekte wetsgehoorsame kinders van YHVH wees!!

Die profete van ouds het na Israel gegaan met ‘n boodskap om terug te keer tot Torah-gehoorsaamheid en om te getuig van die belofte van die Messias wat sou kom. So het Yeshua as die vervulling van die Messiasbelofte gekom om die wet en die profete te bevestig (Matt. 5:17 en 18). As profeet het Yeshua ook gekom om Torah te ‘herstel’ tot die regmatige plek en doel waarvoor YHVH dit bestem het. Yeshua het, soos Moses, al die woorde gespreek wat YHVH Hom beveel het (Deut. 18:18; Joh. 5:30; Joh. 14:24). Die geregtigheid wat deur geloof in Yeshua verkry word, is die einddoel van die wet (Rom. 10:4).

Die wat nie luister na die woorde van Yeshua nie, van hom sal YHVH self rekenskap afeis (Deut. 18:19). Daarom het Yeshua ook gesê: *Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag* (Joh. 12:48). Die woorde wat Yeshua gespreek het was Torah, dieselfde as wat Moses gespreek het. Sou Yeshua se leringe anders as die van Moses gewees het, sou Yeshua ‘n vals profeet gewees het!!

**Die Vals Profeet (Deut. 18:20 tot 22)**

> *Maar die profeet wat so vermetel is om ‘n woord in my Naam te spreek wat Ek hom nie beveel het om te spreek nie, of wat in die naam van ander gode spreek, dié profeet moet sterwe.* Deut. 18:20.

Volgens Deut. 18:20 is ‘n vals profeet enige iemand wat woorde spreek wat nie volgens Torah, naamlik YHVH se onderrig en instruksies, is nie. Tweedens onderskei ons ‘n vals profeet op grond van woorde wat hy in die Naam van YHVH spreek en wat nie waar word nie (Deut. 18:21 en 22). Hierdie sluit aan by verlede week se Torah-Skriflesing (Parashah 47) waar ons ook onderrig en instruksies ontvang het oor hoe om ‘n vals profeet te onderskei en hoe om teen valse profete op te tree (Deut. 13:1 tot 5). Ons het geleer dat valse profete mislei (lok) mense weg van YHVH se onderrig en instruksies (Torah) en om dus ‘n ander god as YHVH te dien. Al vind daar tekens en wonders plaas, maar die een wat hom as profeet voordoen, verkondig iets anders as wat in Torah geskryf staan, dan is dit ‘n vals profeet wat moet sterwe. Wanneer ‘n vals profeet se bediening met tekens en wonders gepaardgaan, is die misleiding soveel groter, want mense is geneig om dit as bevestiging van die waarheid te beskou! Daarom gee Moses opdrag om die vals profete dood te maak.

Die Skriftuurlike definisie van misleiding is dit wat jou laat wegdraai van YHVH se onderrig en instruksies, naamlik Torah. Dit wat bygevoeg of weggeneem word van Torah, terwyl steeds geglo word dat YHVH in gees en waarheid gedien word, is misleiding.

Onthou: Torah is die Karakter, Outoriteit en Hoedanighede van YHVH en om dus tot Torah toe te voeg, of weg te neem, is om aan die Karakter, Outoriteit en Hoedanighede van YHVH te verander. Op hierdie wyse word ‘n afgod geskep wat slegs sommige van YHVH se Karakter, Outoriteit en Hoedanighede bevat. Die mens het dan sy eie god geskep wat gedien word op wyses en plekke soos deur die mens bepaal word. Om dan te glo dat hierdie afgod wel YHVH die Almagtige is, is Satan se meesterstuk van van misleiding.

Daarom: Mense wat glo dat YHVH se wet, naamlik Torah, opgehef is, en dat hulle deur die genade vry van die wet is, het in Satan se strik getrap en vir hulle ‘n afgod gemaak wat hulle met groot ywer en opregtheid dien. Onthou dat die tien gebooie is die tien beginsels wat YHVH se Karakter, Outoriteit en Hoedanighede opsom en bevat dus die wese van die Almagtige. Om dus een gebod, soos die shabbatsgebod, weg te neem (tot niet te verklaar), is

om aan die wese en hart van YHVH te verander. Dit is om ‘n gouekalf te maak en vir die volk te sê: *Dit is jou elohiem (gode)... Môre is daar ‘n fees tot eer van YHVH!* (Ex. 32:4 en 5).

Yeshua Messias is ‘n ware profeet, want Sy woorde was die van YHVH se onderrig en instruksies, naamlik Torah. Die woorde en dade van Yeshua, en wat gepaard gegaan het met tekens en wonders, was ‘n getuienis en bevestiging van Torah, naamlik van die Karakter, die Outoriteit en die Hoedanighede van YHVH. Yeshua is YHVH se maatstaf van ‘n ware profeet en die wat nie hieraan voldoen nie is valse profete! ‘n Vals profeet is anti-Messias!!

**Bepeins of Bespreek:**

1. Vervul die ‘Jesus’ wat die Christendom verkondig die profetiese woorde van Moses in Deut. 18:15 tot 19? Sal die profeet soos Moses die shabbatgebod verbreek en wegdoen met die wet (die Torah)? Het Moses nie gesê dat hierdie profeet, net soos hy, slegs die woorde van YHVH sal spreek nie? Sal die woorde van YHVH aan Moses by Sinai en die woorde aan Yeshua teenstrydig wees? Is YHVH dan nie dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid nie? Yeshua het opdrag gegee om dissipels van alle nasies te maak en hulle te leer om alles te onderhou wat Hy hulle beveel het. Waar is dit opgeskryf dat Yeshua Sy dissipels geleer het dat Hy gekom het om die wet tot niet te maak? Matt. 5:17 sê tog duidelik dat Yeshua **nie** gekom het om die wet te ontbind nie

2. *In the case of would-be prophets, the Torah is like the rabbinical kosher-authority, checking to see if the product is kosher. If the prophet proves to be true and proves to be in concert with Torah, it is as if the Torah stamps that prophet with its heksher (kosher seal). Just as a kosher-keeping person is always careful to check to see if a particular food is kosher before popping it into his mouth, so too we should be careful to check to see if a particular prophet is kosher before heeding his words.* (First Fruits of Zion; Parashah *Shoftim* 2011).

3. Torah leer ons hoe om hedendaagse valse profete te onderskei, maar ook hoe om die Vals Profeet en Antimessias van Openbaring te onderskei. Beide sal verkondig dat YHVH se Torah (die wet) opgehef is. Beide sal die manifistasie van die misleiding van vry van die wet wees!! Hiervolgens is dit duidelik hoekom die meerderheid wat hulself as Christene beskou, beide die Vals Profeet en Antimessias met ope arms sal ontvang, want hulle sal verkondig dit wat hulle glo en dan sal dit met tekens en wonders ook nog gepaard gaan.

4. Vergelyk Simon die towenaar (Hand. 8:9 tot 24) met sommige hedendaagse geestelike leiers. Selfs nadat Simon gelowig geword het (Hand. 8:13) het hy nie ‘n hartsverandering (besnydenis van die hart) ondergaan nie. Was dit geld en mag wat hom gedryf het? Is dit nie wat steeds vandag die geval is nie?

5. Mense sal dikwels nie die geskrewe woord van YHVH ontvang nie, maar wel die woorde en tekens van ‘n profeet (dominee, pastoor, evangelis) aanvaar wat anders praat as wat die Skrifte leer.

6. *The church isn't only asleep; the church is snoring and drooling on its pillow while claiming prophetic dreams of prosperity.*

# Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

## Jes. 51:12 tot 52:12 – Die Goeie Nuus van die Evangelie

*Hoe lieflik is die voete van hom wat die goeie nuus bring op die berge, wat vrede aankondig en goeie nuus van geluk verkondig, wat verlossing aankondig en vir Tziyon sê: "Jou God heers!"* Jes. 52:7 – PWL.

Hierdie week se Haftorah Skriflesing begin met die woorde van YHVH: *Ek, ja Ek, is Hy wat julle troos*! En in vers 16 en 17 sê YHVH dan: *Ek het My woorde in jou mond gelê en jou met die skaduwee van My hand bedek, om die hemel vas te stel, die aarde te vestig en aan Tziyon te sê: 'Jy is My volk!' Word wakker, word wakker, staan op…..*

Hierdie Haftorah is propvol belofte van die herstel van Israel as YHVH se volk, asook van die herstel van die grondgebied wat YHVH gekies het waar Sy volk sal woon. Dit is ook bevestiging van wat Paulus in sy brief aan die Romeine skryf: *Sê ek dat God Sy volk weggestoot het? 'n Verwerplike gedagte, want ek is ook vanuit Yisra'el, van die nageslag van Avraham, van die stam van Binyamin. God het Sy volk wat Hy van die begin af geken het, nie weggestoot nie* (Rom. 11:1 en 2). YHVH se plan van herstel het met Israel begin en sal met Israel eindig!

Hierdie verhouding tussen YHVH en Israel is deur die *ketuba* (huwelikskontrak) by Sinai bekragtig toe Israel die Torah aanvaar het. Israel het egter by herhaling ontrou aan haar *ketuba* opgetree deur agter ander gode aan te hoereer, maar telkens het hulle met berou teruggekeer tot Torah-gehoorsaamheid en liefde vir YHVH.

Jesaja profeteer egter van 'n finale herstel wat sal kom. Hierdie herstel kan vergelyk word met 'n koning wie se bruid ontrou was en hy haar toe uit die paleis verban het, hoewel sy telkens om vergifnis gevra het. Mettertyd het die koning se verlange na sy geliefde egter meegebring dat hy haar gevra het om terug te keer. Die bruid het egter ook besef dat haar *ketuba* – die Torah – nie voldoende was om haar eie getrouheid te verseker nie. Sy wou meer van die koning 'sien' as wat in haar huwelikskontrak geskryf is. Sy wou die koning sien soos hy werklik is! Daarom het die koning ingestem om die 'waarde' van haar huwelikskontrak te verdubbel.

Hierdie 'verdubbeling' is die belofte waarna Jesaja verwys. Israel sou nie net die Torah ontvang nie, maar hulle sal Yeshua van die Torah ook ontvang. Dan sal hulle hul koning werklik sien en hom nie net ken soos Torah Hom beskryf nie. Dan sal hulle 'n profeet soos Moses sien, en sal hulle sien wat Moses gesien het! Dit is die belofte waarvan Jesaja skryf. YHVH self sal in die vorm van Yeshua na Sion terugkeer! Dit is die volkome en ewige herstel wanneer die bruid haar dubbelporsie van haar *ketuba* ontvang en aanvaar, naamlikTorah en die vleesgeworde Torah, Yeshua!

*Luister! Jou wagte lig hulle stem op, hulle skree vreugdevol saam, want hulle sal met hulle eie oë sien wanneer* יהוה *Tziyon herstel. Breek uit, juig vreugdevol saam, puinhope van Yerushalayim, want* יהוה *het Sy volk getroos, Hy het Yerushalayim losgekoop.* יהוה *het Sy afgesonderde arm ontbloot voor die oë van al die nasies, dat al die eindes van die aarde die verlossing van ons God kan sien.* Jes. 52:8 tot 10 – PWL.

Dit is die goeie nuus van die Evangelie van Yeshua. Moses het hiervan geskryf (Joh. 5:46) en die wat hierdie huwelikskontrak in geloof ontvang en aanvaar het, is die geregtigheid van

YHVH in Yeshua (2 Kor. 5:21). Dit is die geregtigheid van God, naamlik saligheid (redding) deur geloof in Yeshua en verlossing deur Torah-gehoorsaamheid. Dit is die herstel van Israel wat aan die einde van dae voltooi sal word.

**Bepeins of Bespreek**

1. Die woord evangelie (*gospel*; Grieks: *euaggelion)* beteken *goeie nuus* of *blye boodskap*. Is die evangelie ‘n begrip (konsep) van die hernieude (nuwe) verbond of was die evangelie ook aan Israel van ouds verkondig? Verwys ondermeer Heb. 4:2 en 6 en Rom. 10:14 en 15. Wat is die evangelie van die Koninkryk van God (Matt. 4:23), ook bekend as die evangelie van genade (Hand. 20:24), en van vrede (Rom. 10:15) en van Yeshua (Mark. 1:1)? In die verband skryf Ja’acov Lawrence die volgende:

   > *The good news message is the unquenchable love that YHVH-Yeshua has for his people Israel who have been dispersed and exiled among the Gentiles; who have been cut off from their Maker, their Husband; and who have become aliens from the covenants of promise and from the commonwealth of Israel, without Elohim and without hope* (Efes. 2:12). *But by YHVH’s unfailing love, these same wayward children have been brought near to YHVH and redeemed from their sin and spiritual waywardness by the blood of Messiah Yeshua, the Suffering Servant, who paid the price for the sin of their spiritual adultery, and for breaking their marriage agreements with YHVH.* (*Shoftim,* www.hoshanarabbah.org).

   Die gelykenis van die verlore seun (Luk. 15:11 tot 32) is ‘n sinnebeeld hiervan – die verlore seun keer terug na die Vaderhuis (deur die genade in Yeshua) en tot Torah-gehoorsaamheid. Vergelyk ook Efes. 2:11 tot 22.

2. *Always remember: The Land of Israel and Yeshua HaMashiach are inseparable. One is nothing without the other*.

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is* (Hand. 17:11).

Shalom tot volgende keer.
Johan

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*